Lesing 38(a) van 15.07.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008 - 2009

## *Gedeeltes gelees by die inwyding van die Gilgal Klipwiel op 15 Julie 2017*

### *Hoofstuk 4*

My geliefde, My Bruid uit Sion, laat die Lelies vir jou blom, verheug jou alom, want My Bande is Liefdesbande!

Sing en verhef jou stem, jy wat My in alles wil ken, My Vrou wat die Verlore Penning soek! Kom, en verheug Jou in die gevinde. Jy is vir altyd Mý Beminde!

Sing, o suigelinge! Jubel uit die Stof en laat die klippe uitroep tot My Hoogste Lof! Laat die bome van die veld die hande klap, die eikebome tot Geregtigheid verrys, waar EK My Bruid aan die Skepping wys!

Sewe treë om die Dawidstoring en My Ryk staan ewig opgerig. Sewe maal rondom en Jerigo sal swig!

Sewe maal sal My Bruid om My Toring tree en die skilde van die helde sal die antwoord gee! Oorwinning is opgerig in My Liggaam wat moes val en hoog opgerig, elkeen se oë kon trek. Amein.

EK, Geliefde sal te voorskyn tree in My Volheid. EK sal altyd antwoord gee. Amein.

### Hoofstuk 5

Sewe maal rondom My, die Dawidstoring, en My Hart sal van Liefde swig en rondom jou 'n ewige Ligglans oprig. Sewe maal rondom My, die Dawidstoring, jou Ewige verweer.

Wie is dan tog die Dawidstoring in My Liefde en My Lig? Is My Naam

dan nie 'n Sterk Toring waarin Myne hardloop en hul skuiling vind?

Sewe maal rondom in My Nuwe Verbond en die Wiel van Verlossing sal oor die Aarde rol. My verlange sal My verplaas op die Waens van My Volk! O die Wa van Israel en Sy ruiters...

My Siel verlang na gereinigde aarde en heuwels van wuiwende graan in 'n Nuwe Bestel, vry van verdraaide waardes, sodat My Kinders kan opgroei, deur My Bloed verbind, heel en vry, sonder las van die wêreld.

Rein is die Pêrels in My Kroon, Rein die Pêrels om Miriam se Hals en skitterend van prag, die sierade van gelouterde silwer en goud. Amen

### *[16/07 9:39 am] Lennard Lensley:*

Deur die oggend ure omtrent 02h00, het ek en my vrou gelyk wakker geword deur n engel teenwoordigheid. Dadelik het ons begin bid. Vader se: My geliefde geliefde geliefde kinders van My gelofte. My Hart van van Vuur brand so oneindig met die oneindige liefde vir julle. Julle ywer, julle liefde, julle toegewydheid, julle drie treë is met die grootste helde ontvangs in AL DIE HEMELE aanskou

Die grootheid van die gelofte is vêr bo enige vermoëns van wat n mens ooit kan dink. Julle toegewydheid aan My is onbeperk. Ek het julle so baie lief. In My Hart is elke woord gegraveer. Julle is nou dag en nag voor My My uitverkore volk. Niemand kan julle OOIT uit My Hand neem of ruk nie. Die vyand is buite julle bereik. 7 Maal het julle om die mure van die land Suid Afrika geloop, besef dit My kinders, die krag van die vyand en die vervreemde volke is in die geestelike realm gebreek. Ek is baie baie lief vir julle. Onder my engele skaar is julle, My volk onder permanente beskerming. Weet dit, wanneer die vyand sy winde van vernietiging begin aanblaas dan MOET julle jul daarin verheug, want Ek, JAHWESHUA Messiah is by julle in groot Krag en Ek het reeds die uitkoms aan julle gegee. Roep My aan sodat Ek julle groot en magtige dinge kan wys.

[16/07 12:32 pm] Karin Ouetehuis:

More my kosbare broers en susters, Vader le dit op my hart om met julle te deel wat ek gister gesien het- tydens ons stap om die wiel kyk ek op in die lug en sien n geweldige maalkolk van energie amper soos n tornado-   dit was vir my vreemd hoe ons dan so n groot energie kan genereer as ons so stadig stap? Toe wys Vader my n groot rat met groot tande: dis ons wat stap- op die volgende vlak haak die tande van die rat in n kleiner rat wat uit  geestelike wesens op n vlak bo ons bestaan- dan nog kleiner ratte wat uit engel energie saamgestel is-dan nog kleiner en kleiner ratte wat al vinniger draai... om die maalkolk van energie te vorm wat letterlik n poort na die hemele geopen het! Dieselfde wyse

[16/07 1:26 pm] Karin Ouetehuis: Skies ek het nie klaar gepraat nie: dis dieselfde wyse waarop Jerigo oorwin is. Ons het n portaal geopen na die 7de dimensie waardeur geweldige geestelike krag nou na die aarde vloei- wonderwerke is nou binne bereik. Saam met hierdie grootse seëning kom ook groot verantwoordelikheid, dis waarom die groep geslote moet wees. Vader sal op die regte tyd aan ons toon wat presies ons elkeen se opgelegde taak is. Weet net dat daar in die hele geskiedenis van hierdie aarde nog nooit so n geseënde groep mense was nie.